

## **Verhale uit die Ou Testament** **Abram trek na 'n nuwe land – Genesis 11:26-12:9**

Nadat God die mense van Babel versprei het, het hulle in verskillende stede gaan bly. Party het gaan bly in 'n plek met die naam Ur. Later het hulle seuns, kleinseuns en agterkleinseuns gehad. Nog later was daar 'n man met die naam Tera, wat drie seuns Abram, Nahor en Haran gehad het. Haran het ook 'n seun gehad. Sy naam was Lot. Haran het in Ur gesterf en net Abram en Nahor het oorgebly. Hulle het albei getrou. Abram het met Sarai getrou. Sarai kon nie kinders hê nie. Dit was vir haar en Abram baie swaar. Tera het besluit dit is tyd dat die familie beter blyplek kry. Hy was van plan om na Kanaän te gaan. Sy seun Abram en sy kleinseun Lot het besluit om saam met hom te trek. Nahor het besluit om liewer in Ur agter te bly. Tera en Abram en Lot het al hulle goed gevat en getrek.

Omtrent halfpad na Kanaän het hulle by die stad Haran aangekom. Daar is Tera dood. Hy was toe al baie oud. Terwyl Abram in Haran gebly het, het hy die Here nog nie geken nie. Maar die Here het hom geken! Eendag het die Here vir Abram gesê: "Abram, Ek wil hê jy moet wegtrek van hier af. Gaan uit jou land uit. Los jou familie en selfs jou gesin net so. Gaan na die land toe wat ek jou sal wys. Wees verseker; Jy gaan nog 'n groot familie hê, want Ek gaan vir jou sorg. Ek gaan goed wees vir jou dat jy weer vir ander mense van My kan vertel. Ek sal vriendelik wees met mense wat met jou vriendelik is. Maar as mense nie van jou hou nie, sal Ek ook nie van hulle hou nie."

Abram het gemaak presies soos die Here hom beveel het. Hy het alles net so laat staan en weggetrek. Abram se neef Lot het ook saam met hom gegaan. Abram was 75 jaar oud toe hulle getrek het. Abram het sy vrou, Sarai, en al sy besittings, ook die mense wat vir hom gewerk het, gevat. Hulle is toe weg na Kanaän toe. Abram het deur die land Kanaän getrek tot hy by die dorp Sigem gekom het. Abram het besluit om daar te woon. Maar Abram en Lot het nog nie huise gebou nie. Hulle het in tente gebly. Rondom hulle het baie mense gebly wat die Here glad nie geken het nie.

Daar by Sigem het die Here vir Abram gesê: "Hierdie is die land wat ek vir jou en jou familie wil gee." Om dankie te sê, het Abram daar 'n altaar gebou en vir die Here offers gebring. Maar daar was droogte in Kanaän. Abram het gedink dit sal beter wees om verder te trek op soek na water en weiveld vir sy diere. By 'n plek met die naam Bet-El het hy weer sy tente opgeslaan. Daar het hy ook 'n altar gebou en die Here aanbid. Maar die droogte was so erg dat Abram maar weer sy tente opgeslaan en verder getrek het.

Verhaal geneem uit die [Bybel@kinders.co.za](mailto:Bybel@kinders.co.za), bl24-25, Redakteur Hennie Stander

## Abram trek na 'n nuwe land – Genesis 11:26-12:9

### Inleidende aktiwiteit:

Maak saam 'n lysie van al die dinge wat 'n gesin sal moet doen voordat hulle trek na 'n ander huis.

Vrae:

- Wat sou julle sê as julle nou skielik moet trek na 'n ander huis ver van hier af?
- Wat sal julle hartseer wees om agter te los as julle moet trek?
- Hoe dink julle sal dit voel om te trek en nie weer enige van julle vriende te sien nie?

### Lees nou saam die Bybelgedeelte – Abram trek na 'n nuwe land

Vrae:

1. Wat was Abram se vrou se naam? (Sarai)
2. Het hulle kinders gehad? (Nee, Sarai kon nie kinders hê nie.)
3. Hoe oud was Abram toe God vir hom gesê het om weg te trek uit Haran? (75)
4. Waarheen het hulle getrek? (Kanaän.)
5. Watter mooi dinge het God vir Abram gesê? (Hy sal vir Abram 'n groot familie gee, vir Abram sorg en God sou hulle die land Kanaän gee, God sou vyande wees van Abram se vyande en vriendelik wees met die mense wat met Abram vriendelik is.)
6. Sou jy bereid wees om soos Abram als te los en te trek na 'n land wat jy nie ken nie?
7. Dink jy Abram het God vertrou?
8. God mag ons dalk nie vra om te trek na 'n ander land nie, maar Hy gaan ons vra om dinge vir Hom te doen en om Hom te vertrou? Hoe voel jy daarvoor?

**Aktiwiteit:** Gee vir elkeen wat wil saam speel twee stukke koerantpapier. Julle moet nou een vir een, met net die twee stukke koerantpapier om op te staan/trap, van die een kant na die ander kant van die vertrek "trek" soos Abram. Wie kan dit die vinnigste doen?

### Gebedsgids:

- Vra God om jou te help om Hom te vertrou soos Abram Hom vertrou het;
- Sê dankie vir God omdat jy seker kan wees dat Hy mooi planne vir jou lewe het.